# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**
**OF SOUTH WEST AFRICA.**

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* **VAN SUIDWES-AFRIKA.** *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** | **Maandag, 21 Junie 1965** | **WINDHOEK** | **Monday, 21st June, 1965** | **No. 2637**

**INHOUD**

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:—**

No. 99 Ordonnansie 1965: Uitvaardiging van . .

**CONTENTS** *Bladsy/Page*

**GOVERNMENT NOTICE:**

Ordinance, 1965: Promulgation of . . . . 761

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 99.] [21 Junie 1965.

ORDONNANSIE, 1965: UITVAARDIGING VAN

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansie wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| No. 30 | Wysigingsordonnansie op Onderwys 1965 . . . . . . . . | 762 |

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 99.] [21st June, 1965.

ORDINANCE, 1965: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *Title* | *Page* |
|---|---|
| Education Amendment Ordinance, 1965 . . | 763 |

No. 30 van 1965.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Onderwysordonnansie 1962.

(*Goedgekeur* 15 *Junie* 1965)
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied van Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van Artikel 37 van Ordonnansie 27 van 1962.

1. Artikel *sewe-en-dertig* van die Onderwysordonnansie 1962 (Ordonnansie 27 van 1962) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(2) 'n Onderwyser in die personeel van 'n skool wat met die goedkeuring van die Departement as 'n hoofonderwyser van die skool optree vir enige tydperk van minstens een kalendermaand word vir sodanige tydperk besoldig asof hy as hoofonderwyser van die skool vir daardie tydperk aangestel was en enige onderwyser wat vir enige tydperk van minstens een kalendermaand in 'n pos waarneem waaraan die emolumente verbonde hoër is as dié van die pos waarin hy gereeld diens doen, ontvang vir sodanige tydperk besoldiging wat aan so 'n pos verbonde is: Met dien verstande dat 'n onderwyser wat in 'n pos waarneem onder geen omstandighede minder besoldiging mag ontvang as wat hy ontvang in die pos waarin hy gereeld diens doen nie."

Wysiging van Artikel 43 van Ordonnansie 27 van 1962.

2. Artikel *drie-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur aan die einde daarvan die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:—

„Met dien verstande dat 'n onderwyser wat sonder verlof van die Departement vir 'n tydperk van meer as een kalendermaand van sy ampspligte wegbly, geag word uit die diens van die Departement weens wangedrag ontslaan te gewees het met ingang van die datum wat onmiddellik volg op die laaste dag waarop hy op sy plek van diens teenwoordig was: Met dien verstande voorts dat as so 'n onderwyser ander werk aanvaar, hy geag word ontslaan te gewees het soos voormeld, nieteenstaande dat bedoelde tydperk nog nie verstryk het nie."

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Onderwys 1965 en word beskou as in werking met ingang van die eerste dag van Januarie 1965.

No. 30 of 1965.]

# ORDINANCE

To amend the Education Ordinance, 1962.

(*Assented to* 15*th June,* 1965)
*(Afrikaans text signed by the Administrator)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of Section 37 of Ordinance 27 of 1962.

1. Section *thirty-seven* of the Education Ordinance, 1962 (Ordinance 27 of 1962) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:—

"(2) A teacher on the staff of a school who, with the approval of the Department, acts as principal of the school for any period of not less than one calender month, shall be remunerated for such period as if he had been appointed principal of such school and any teacher who for any period of not less than one calender month acts in a post to which higher emoluments are attached than those attached to the post in which he is regularly employed, shall for such period receive the remuneration attached to such post: Provided that any teacher acting in any post shall under no circumstances receive less remuneration than that received by him when occupying the post in which he is regularly employed."

Amendment of Section 43 of Ordinance 27 of 1962.

2. Section *forty-three* of the principal ordinance is hereby amended by the insertion of the following proviso at the end thereof:—

"Provided that a teacher who without the consent of the Department absents himself from his official duties for a period exceeding one calendar month, shall be deemed to have been dismissed because of misconduct from the service of the Department with effect from the date immediately following upon the last day on which he was present at his place of employment: Provided further that if such teacher has taken up other employment he shall be deemed to have been dismissed as aforesaid notwithstanding that the said period has not elapsed."

Short title and date of commencement.

3. This Ordinance shall be called the Education Amendment Ordinance, 1965, and shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1965.

Printed in South West Africa by
Gedruk in Suidwes - Afrika deur John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek